



## **LAER VOLKSKOOL GRAAFF-REINET**

Tel. 049 – 8910 803

Faks: 049 – 8910 802

Sel : 072 170 2045

**E-Pos:** [hoof@laervolkskool.org](mailto:hoof@laervolkskool.org)

**Skoolhoof:** Mnr D Joubert

Posbus 253

GRAAFF-REINET

6280



11 Februarie 2022

Geagte ouers en Volksies.

### **Skoolfonds**

Die aansoekvorms vir vrystelling moet voor of op **16 Februarie** ingehandig word. Indien 'n aansoek onvolledig is, sal die aansoek nie oorweeg word nie en sal die aansoeker verantwoordelik wees vir die eerste kwartaal se skoolfonds. In die geval waar 'n aansoek laat ingedien word sal die aansoeker ook verantwoordelik wees vir die eerste kwartaal se skoolfonds.

### **Sport**

#### **Krieket**

##### **Laer Volksskool teen Cradock**

###### o.11

Cradock het die loot gewen en besluit om eerste te kolf. Na 'n goeie kolfbeurt was dit Laer Volksskool se beurt met die kolf. Ons het goed begin, maar kon ongelukkig net nie oor die wenstreep kom nie. Cradock wen met 30 lopies.

###### o.13

Cradock het die loot geneem en besluit om eerste te kolf. Petrus Wolfaardt was die ster met die bal in die hand en het vinnig 3 paaltjies geneem. Elriano Jevan, Jevan Arends en AW Lambrechts het albei bygedra met 'n paaltjie elk. Na die 20 boulbeurt het Cradock 76 aangeteken. Met die kolf het LVS vinnig die lopies aangeteken en het oor die wenstreep gekom met 20 balle om te spaar. LVS wen met 4 paaltjies.



#### **Tennis**

Die tennisspelers het op 31 Januarie teen Union op Laer Volksskool se bane gespeel. Ons spelers het baie goed gevaar.

Die uitslag is as volg: o.10 Seuns wen 8 – 0

1ste Dogters wen 9 – 0

1ste Seuns wen 5 – 4

Dit was 'n heerlike warm dag en die wedstryde is in goeie gees gespeel.



#### **Tenniswedstryd : 7 Februarie 2022**

Op Maandag 7 Februarie 2022 het die eerste 4 seuns (Petrus Wolfaardt, Francois Naudé, Pieter Nel, Louis de Wet) en die eerste 4 dogters (Carlien Oosthuizen, Alecia Louw, Mynette Viljoen, Danté Dercksen) 'n tenniswedstryd teen Laerskool Gill gespeel. Elke speler het een enkels en een dubbels gespeel.

Die uitslag is as volg: Seuns wen 6 – 0

Dogters wen 6 – 0      Baie geluk aan elke speler.



## Tweekamp Interprovinsiaal

Laer Volksskool se leerlinge het uitstekend gevaar by die interprovinsiale tweekamp byeenkoms in Oudtshoorn die afgelope naweek. Hulle het Oostelike Provinsie verteenwoordig teen ander provinsies.



JJ van Schalkwyk o.8 was die algehele wenner in sy ouderdomsgroep en bring 'n goue medalje huis toe. Carlien Oosthuizen was 13de in haar ouderdomsgroep (o.15) en Ancois Viljoen behaal 'n 28ste plek by dogters o.13. Ons is voorwaar trots op hierdie atlete!

## Atletiek Interskole

Wat 'n ongelooflike dag waarop Laer Volksskool se atlete hulle talente kon ten toon stel. Ons atlete het fantasties presteer en die dag gewen met 'n punte totaal van 685 teenoor Union se 566. Laer Volksskool wen dus die eerste Interskole in die Eeufeesjaar!

Baie geluk aan elke atleet wat deelgeneem het, want dit het vir ons skool punte beteken. Baie geluk ook aan elke atleet wat onder die eerste drie geëindig het.

### Nuwe rekords:

Lee- Jon Blignaut: So.11: 80m: 11,25

Deidré Alberts: Do.12: 100m: 14,28 en 150m: 21,46

Baie geluk met hierdie puik prestasies!



Baie dankie aan elke ondersteuner. 'n Groot dankie en gelukwensing ook aan elke leerling vir julle puik gedrag! Baie dankie ook aan die Union skole wat die gasheer skole was. 'n Volledige verslag van al die uitslae sal volgende week aan u deurgegee word.

### Sone Atletiek: Saterdag 12 Februarie 2022: Botanies

Atlete wat aan hierdie byeenkoms deelneem, het briewe ontvang. Atlete meld om 7:30 aan. Die byeenkoms sal om 8:00 begin. Geen verspring items sal Saterdag plaasvind nie, aangesien daar nie die nodige geriewe daarvoor is nie. Die verspring sal wel Dinsdag 15 Februarie 2022 om 14:00 by Laer Volksskool plaasvind.



# Valentynsdag



*Wys jou hart!*

## Valentynsdag by Laer Volksskool

1. Bring asb 'n tweedehandse speelding of klere vir liefdadigheid.
2. Dra skoolklere, maar "wys jou hart". (Rooi of pienk sokkies / haarlinte / masker by skoolklere)



3. Kolwyntjies teen R8 en "donuts" teen R10 te koop.

**14 Februarie 2022**



---

*D. Joubert*

Skoolhoof



@Laervolksskoolgrt

<http://www.laervolksskool.org>

@karoovolksies